
UNIVERSITY EXAMINATIONS



UNIVERSITEITSEKSAMENS

UNISA university of south africa

# MNE2601 (493117)

Mei/Junie 2015

## INLEIDING TOT ENTREPRENEURSKAP EN KLEINSAKEBESTUUR

Tydsduur 2 Uur 70 Punte

EKSAMINATORE
EERSTE ME WT SAMI
TWEEDE MEV MJ PHILLIPS

**Gebruik van 'n nie-programmeerbare sakrekenaar is toelaatbaar**

**Toeboekeksamen**

**Hierdie eksamenvraestel bly die eiendom van die Universiteit van Suid-Afrika en mag nie uit die eksamenlokaal verwyder word nie**

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit nege (9) bladsye en bevat twee afdelings, afdeling A (30 punte) en afdeling B (40 punte)

Afdeling A is **verpligtend** en bestaan uit 30 meerkeusevrae wat u op die merkleesblad moet beantwoord In afdeling B moet u vraag 1 beantwoord en dan kies tussen vraag 2 en vraag 3

## AFDELING A

Beantwoord die volgende 30 meerkeusevrae op die merkleesblad wat voorsien is Die vrae tel een (1) punt elk Die afdeling se totaal is dus 30 punte Maak seker dat die volgende inligting op die merkleesblad verskyn

- u **studentenommer**
- die modulekode **(MNE2601)**
- die **unieke nommer van die vraestel**

1 Enige besigheid wat onafhanklik besit en bedryf word, maar wat nie in sy veld oorheers nie en nie by enige nuwe bemarkings- of innoverende praktyke betrokke is nie, staan as 'n    bekend

1 maatskappy
2 beslote korporasie
3 entrepreneursbesigheid
4 kleinsakebesigheid

2 Entrepreneursoriëntering word bepaal deur persoonlike oriëntering, kultuur,    , gesin en werkservaring

1 vriende
2 talent
3 opvoeding
4 kennis

3 Daar is geen formaliteite nodig om 'n    te vestig nie en dit kan uit die entrepreneur se eie huis bedryf word

1 informele besigheid
2 opkomende besigheid
3 mediumgrootte besigheid
4 entrepreneursbesigheid

4 'n Groot uitdaging waarvoor klein, medium en mikro-ondernemings (KMMO's) te staan kom, is die gebrek aan volhoubare markte vir hul produkte en dienste Hulle kan hierdie uitdaging die hoof bied deur

1 'n goeie arbeidsmag
2 bemarkingsopleiding
3 laer produksiekoste
4 toegang tot tegnologie

5 Daar is verskillende mites en wanopvattings oor kreatiwiteit Watter **een** van die volgende is nie 'n mite oor kreatiwiteit nie?

1 Kreatiwiteit is 'n opleibare vaardigheid
2 'n Mens moet intelligent wees om kreatief te wees
3 Kunstenaars is die enigste kreatiewe wesens
4 Alle nuwe produkte is per ongeluk ontdek

6 Watter een van die volgende kreatiwiteitstegnieke impliseer dat ons deur middel van ongewone onderbrekings, byvoorbeeld deurdat ons na 'n verskillende radiostasie luister, in ons daaglikse roetine of program ingryp

1 omswaaiing van probleem
2 die assosiasietegniek
3 die stakingsbeginsel
4 willekeurige inset

7 'n Goeie idee is nie noodwendig 'n uitvoerbare en lewensvatbare nie

1 besigheid
2 diens
3 produk
4 geleentheid

8 Om 'n duursame en besigheid te kan hê, is dit van kardinale belang dat die entrepreneur konstant op die uitkyk moet wees na ander geleenthede waaruit hy/sy suksesvol voordeel kan trek

1 welvarende
2 volhoubare
3 groot
4 versadigde

9 In die bestuursplanafdeling van die sakeplan word

1 besonderhede oor die besigheid se organisasiestruktuur voorsien
2 op die besigheid se fasiliteite en vervaardigingsvermoens gefokus
3 beskryf hoeveel produkte die besigheid kan produseer
4 op klante, die bedryf en mededinging gefokus

10 Die gelykbreekpunt het betrekking op die vlak van omset, waar die

1 koste van verkope = bruto wins
2 netto wins = bruto wins
3 bruto wins = geraamde bedryfskoste
4 bruto wins = begrote verkope

11 Wanneer 'n sakeplan ontwikkel word om aandeelhouers te lok, moet die klem geplaas word op

1 die vraag of 'n besigheidslisensie verkry kan word
2 die strategie waarvolgens winste en groeiprojeksies bewerkstellig kan word
3 die besigheid se kredietgradering
4 die besigheid se posisie met betrekking tot die van mededingers

12 'n Mens kan die onderskatting van finansiele vereistes verhoed wanneer 'n sakeplan opgestel word deur

1 gehaltespesifikasies te bepaal
2 'n produklewensiklus op te stel
3 die totale kapitaal wat benodig word om die besigheid te begin, vas te stel
4 sowel direkte as indirekte mededinging in aanmerking te neem

13 Watter een van die volgende is nie 'n voorwaarde wat die keuse van 'n besigheid se ligging beinvloed nie?

1 arbeidswetgewing
2 die beskikbaarheid van grondstowwe
3 infrastruktuur
4 toeganklikheid tot die mark

14 Thabo het pas met 'n tuisgebaseerde besigheid begin Watter een van die volgende faktore moet hy in aanmerking neem om sy besigheid te bedryf?

1 die aantal voete
2 infrastruktuur
3 instandhouding
4 toeganklikheid

15 Wanneer 'n winkelsentrum vir 'n nuwe besigheid oorweeg word, moet die aantal voete in aanmerking geneem word Die "aantal voete" het betrekking op

1 'n markstudie vir 'n skoenwinkel
2 besteebare inkomste
3 die aantal verbruikers wat 'n winkelsentrum besoek
4 die aantal verskaffers wat die besigheid het

16 Die verlies van statuur en inkomste wat die entrepreneur in die gesig staar indien sy/haar besigheid misluk, staan as bekend

1 finansiele risiko
2 persoonlike risiko
3 sakerisiko
4 bestuursrisiko

17 Korttermynfinansiering deur banke neem gewoonlik die vorm van aan

1 'n persoonlike lening
2 handelskrediet
3 'n oortrokke bankrekening
4 rekeninge betaalbaar

18 Een van die gewildste metodes om vaste bates soos masjinerie, toerusting of meubels te finansier, is

1 'n paaiementverkoopstransaksie
2 verskepersfinansiering
3 'n oortrokke bankrekening
4 aksepkrediet

19 Waarom is erfopvolging problematies in 'n familiebesigheid?

1 Die leier kies 'n opvolger wat sy/haar "slaaf" kan wees
2 Bestaande leier wil te vinnig uit die besigheid uittree
3 Die leier kan omgewingstendense interpreteer
4 Die leier wil 'n professionele bestuurder aanstel om oor te neem

20 Watter van die volgende stellings is onwaar?

1 Die franchisenemer word nie die eienaar van die intellektuele eiendom nie
2 Die franchisenemer verkry die reg om die franchisegewer se handelsmerk te gebruik
3 Die franchisenemer word die eienaar van die handelsmerk
4 Die franchisenemer koop die franchise by die franchisegewer

21 Die feit dat toerusting, fasiliteite en voorraad reeds daar is wanneer u 'n bestaande besigheid koop, kan 'n nadeel wees as dit  is

1 oorprys
2 verouderd
3 nuut
4 ondergeprys

22 Die markgebaseerde metode om 'n besigheid te waardeer, kan  gee

1 'n presiese prys vir die besigheid
2 die waarde van die besigheid se bates
3 'n geraamde prys van die besigheid se bates
4 'n algemene idee van die besigheid se waarde

23 Susan en Harry is getroud en besluit om 'n besigheid te begin Geen ander familielede is by die besigheid betrokke nie Susan en Harry staan bekend as

1 eenmansaak
2 mede-entrepreneurs
3 'n familiebesigheid
4 lede

24 Ingevolge die Maatskappywet, 2008, is dit nie meer moontlik om enige nuwe  in Suid-Afrika te registreer nie

1 private maatskappye
2 vennootskappe
3 openbare maatskappye
4 beslote korporasies

25 Peter wil met Peter's Motors begin, hy gaan op sy eie in die besigheid in Watter van die volgende regsvorme wat 'n besigheid kan aanneem, kan Peter gebruik?

1 vennootskap, alleeneienaarskap
2 private maatskappy, vennootskap
3 alleeneienaarskap, private maatskappy
4 publieke maatskappy, private maatskappy

[BLAAI OM]

26 Die geregistreerde, eksklusiewe reg van 'n uitvinder om 'n uitvinding te doen, te gebruik of te verkoop, staan bekend as 'n

1 patent
2 handelsmerk
3 kopiereg
4 ontwerp

27 'n Faktuurgebaseerde belasting wat op die lewering van goedere en dienste deur geregistreerde besighede gehef word, staan bekend as

1 seelregte
2 belasting op toegevoegde waarde
3 hereregte
4 aksynsbelasting

28 Die insameling van hulpbronne, die nakoming van regsvereistes, die vind van 'n perseel vir die besigheid en die besluit oor die regsvorm wat 'n besigheid kan aanneem, staan alles bekend as

1 beplanning
2 organisering
3 beheer
4 leiding

29 Patroonvormende, voordelige verhoudings tussen individue, groepe of organisasies wat gebruik word om kritieke ekonomiese en nie-ekonomiese hulpbronne te verseker wat nodig is om 'n besigheid te begin en te bestuur, staan bekend as

1 netwerke
2 mentorskap
3 inkubasie
4 raadgewende verhoudings

30 Wanneer 'n entrepreneur goeie, persoonlike interaksies handhaaf, mense vertrou en erkenning verleen waar dit verdien word, openbaar hy/sy

1 innovering
2 kreatiwiteit
3 leierskap
4 geesdrif

**Totaal: 30**

**[BLAAI OM]**

## AFDELING B

| |
|---|
| Beantwoord **twee (2)** vrae uit afdeling B. **Vraag 1 is verpligtend.** Kies dan en beantwoord **óf vraag 2 óf vraag 3**. Skryf die nommer van die vrae wat u beantwoord het neer op die dekblad van u antwoordboek. |

**VRAAG 1 (verpligtend)**

Lees die gevallestudie hier onder en beantwoord vraag 1.1 tot 1.4 daarna.

| |
|---|
| Justin Coetzee, sagteware-ontwikkelaar, is tans besig om te help om probleme in die openbarevervoerstelsel uit te sorteer met die bekendstelling van sy jongste produk, die GoGauteng-applikasie (*app*). GoGauteng is daarop gemik om die spanning en frustrasie wat dikwels met openbare vervoer gepaard gaan, *te verminder en dit volg in die* voetspore van die bekroonde GoMetro-app wat hy ontwikkel het om bygewerkte inligting aan treinpendelaars in Kaapstad te verskaf. Die slimfoonapps is ontwikkel om inligting oor openbare vervoer, tydroosters en aankondigings asook die jongste bygewerkte inligting aan pendelaars deur te gee om hulle dus in staat te stel om vinnig en maklik toegang tot hierdie inligting te verkry ten einde hul reis daarvolgens te beplan. Die 29-jarige siviele ingenieur en hoof- uitvoerende beampte van GoMetro begin sy loopbaan deur paaie te ontwerp en te bou. Hy sê hy het toe besef hoe openbare vervoer die ruggraat van enige florerende samelewing is. Hy het besef daar bestaan 'n behoefte aan effektiewe kommunikasie by pendelaars. Dit gee aanleiding tot die ontwikkeling van die GoMetro-app. Dit was nie net Suid-Afrika se eerste intydse openbarevervoer-toep nie, maar dit het ook daartoe gelei dat Coetzee die Gauteng-innovasiekompetisie in 2011 wen, tweede in die IBM Smartcamp Africa gekom het en as finalis *in die Tech4Africa*-toekennings geeindig het. Vanjaar maak sy toep deel uit van die Kaapstadse World Design Capital 2014-inisiatief. Binne die eerste vier maande nadat hierdie toep bekendgestel is – wat slegs ses maande ná 'n loodsprojekaanstelling by Metrospoor plaasgevind het – het 250 000 gebruikers al daarop geregistreer. Die GoGauteng-app beskik oor die potensiaal om selfs beter te vaar as sy voorganger, want dit sluit, bo en behalwe Metrospoor, ander vervoermodusse in soos die Rea Vaya-busstelsel, die Gautrein, Metrobus en Tshwane-busdienste – en binnekort ook Putco en Northwest Star. Coetzee sê: "Dit is 'n inisiatief om oop stedelike data vir die gebruik en tot voordeel van Gauteng op te bou. Openbare vervoer is noodsaaklik vir die volhoubaarheid van ons groeiende stede, en ons het bewys dat die meeste gebruikers meer gereeld van openbare vervoer gebruik maak omdat daar inligting deur middel van mobiele apps beskikbaar is." Slimfoongebruikers is egter nie die enigste gebruikers van hierdie app nie – *mense met standaardselfone* het ook toegang tot die app deur middel van Mixit en USSD-dienste. Dit beteken dat enigeen die tye van treine kan kontroleer nes hulle lugtyd op 'n selfoon sal nagaan. Die app is by die Android-, IOS- en Blackberry-toepwinkels beskikbaar deur na "Gauteng on the Move" te soek. GoGauteng is ontwikkel in vennootskap met die Gautengse paaie- en vervoerafdeling asook die Innovation Hub. Coetzee sê dat die praktiese mentorskap wat hy by die Innovation Hub en mLab ontvang het, deurslaggewend was om hom te help om die regte besluite te neem. |

Aangepas uit Stander, Y. 2014. Entrepreneur keeps Gauteng moving. Beskikbaar op www.smallBusinessConnect.co.za (toegang verkry in Augustus 2014).

[BLAAI OM]

1 1 Verduidelik kortliks watter stappe Justin moet uitvoer wanneer hy 'n venster van geleentheid oopmaak Gee 'n voorbeeld van elke stap uit die gevallestudie (6)

1 2 Justin het mentorskap by die Innovation Hub en mLab ontvang Omskryf besigheidsmentorskap (3)

1 3 Dui die verskil tussen noodsaaklikheidsgedrewe entrepreneurs en geleentheidsgedrewe entrepreneurs aan Is Justin na u mening noodsaaklikheidsgedrewe of geleentheidsgedrewe? Staaf u antwoord met 'n voorbeeld uit die gevallestudie (6)

1 4 Beskryf kortliks vyf bestuursuksesfaktore wat Justin in staat sal stel om sy besigheid suksesvol te bestuur (5)

**[20]**

Beantwoord enige **EEN** van die volgende twee vrae (**ÓF** vraag 2 **ÓF** vraag 3)

**VRAAG 2**

Sarah en Thandeka is vriende en albei van hulle deurloop 'n sakekursus by Unisa Hulle besluit om met hul eie besigheid te begin deur 'n raadgewende diens betreffende die opstel van sakeplanne aan besighede te lewer

2 1 Hulle moet 'n riglyn vir 'n sakeplan vir 'n potensiele klient formuleer Dui die verskillende elemente aan waaruit 'n sakeplan moet bestaan (10)

2 2 Sarah en Thandeka besluit om 'n vennootskap as eienaarsvorm te gebruik Beskryf 'n vennootskap as vorm van besigheidseienaarskap kortliks (2)

2 3 Bespreek vier (**4**) voordele en vier (**4**) nadele van 'n vennootskap as 'n vorm van besigheidseienaarskap (8)

**[20]**

**OF**

**VRAAG 3**

U het onlangs R1 miljoen geerf by 'n familielid wat oorlede is Omdat u kennis van besigheidsaspekte dra, besluit u om die geld in u eie besigheid te belê

3 1 Bespreek enige vyf oorheersende eienskappe en/of entrepreneursuksesfaktore waaroor u moet beskik om 'n suksesvolle entrepreneur te kan wees (10)

3 2 Verduidelik hoe die internet 'n nuttige hulpmiddel kan wees om 'n sakeplan vir u nuwe besigheid op te stel (7)

3 3 Noem drie voordele vir die aankoop van 'n bestaande besigheid (3)

**[20]**

**TOTAAL: [70]**

©
UNISA 2015

